Die Maand Wat Was

Mei 2013 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde April 2013



Bron: Credit Suisse



Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes





Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en ‘n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentedraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

April 2013 - Die Maand Wat Was

As dit by aftrede en aftreebeplanning kom, is die vraag wat altyd eerste kop uitsteek – wanneer is genoeg genoeg om finansieel onafhanklik te wees?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet mens begin by wat dit behels om finansieel onafhanklik te wees.

In kort - jy is finansieel onafhanklik as jou tyd gaan opraak voor jou geld opraak. Met die veronderstelling dat jy nooit onnodige risiko hoef te neem nie, dat jou portefeulje nie oormatig aan ‘n spesifieke risiko blootgestel is nie en ook dat daar nie ‘n wonderwerk (opbrengs of groei) moet gebeur om die somme te laat klop nie.

Die antwoord vir wanneer genoeg genoeg is, begin by jou huidige maandelikse uitgawes.

Die vertrekpunt is dat hierdie maandelikse uitgawes jou uitgawe begroting gaan word en dat jy die berekeninge doen op die basis dat daar nie by aftrede ‘n daling in jou lewenstandaard gaan plaasvind nie. Let daarop dat daar ‘n onderliggende aanname is dat hierdie maandelikse uitgawes jaarliks met inflasie sal opgaan, maar dat ons vir nou eers op hierdie syfer gaan steun.

Vir elke R10,000 wat jy maandeliks in jou bankrekening wil ontvang (dus wat jou maandelikse uitgawes moet dek) benodig jy R2,9m se kapitaal wat belê kan word. Let daarop dat hier ‘n hele paar aannames agter hierdie R10,000 per R2,9m kapitaal berekening is:

1. Hierdie R2,9m is bates wat belê kan word – dit sluit *nie* jou woonhuis, motors of bates wat *nie* aangewend word vir inkomste in nie, bv. die strandhuis of munteversameling.
2. Hierdie R2,9m kapitaal moet in ‘n gediversifiseerde portefeulje belê word, met genoeg blootstelling aan groeibates (belang in besigheid, aandele of kommersiële eiendom) sodat die jaarlikse opbrengs en waarde van die portefeulje ten minste met inflasie kan tred hou.
3. Onthou dat rente en kontant nie groeibates is nie en nie met inflasie gaan tred hou nie. Beleggers wat oor lang periodes op rente en kontant steun, word gewoonlik ingehaal deur inflasie wat uiteindelik die koopkrag van die inkomste wegvreet.
4. Hierdie R10,000 per R2,9m neem nie die ouderdom van die belegger in ag nie, slegs die vertrekpunt dat die kapitaal nie uitgeput moet raak oor die leeftyd van die belegger nie.

Die vertrekpunt van hierdie berekening is dat jou maandelikse uitgawes (die huidige R10,000) met inflasie gaan toeneem soos die jare gaan verloop. Hierdie aanname geld net so indien jy reeds afgetree is en of jy eers oor ‘n paar jaar gaan aftree. Die anderkant van die muntstuk is dan dat jou kapitaal so belê moet word (met blootstelling aan groeibates) dat jou kapitaal ook met inflasie gaan tred hou, nieteenstaande die feit dat jy eendag ‘n maandelikse inkomste daarvan gaan onttrek (of reeds onttrek as jy reeds afgetree is).

Om te illustreer – indien jy tans 50 jaar oud is en jou maandelikse uitgawes tans R40,000 per maand beloop, het jy (R2,9m x 4) sowat R11,6m nodig om te kan aftree. Hierdie is in vandag se geld en gee jou ‘n idee waar jy vandag moet wees. Dit gee jou ‘n idee teen watter tempo jy maandeliks moet spaar om by hierdie bedrag uit te kom en behoort vir die 50 jarige die eerste boustene van ‘n padkaart uit te maak.

Die R2,9 miljoen is van toepassing op ‘n diskresionêre belegging. Wanneer mens beleggingsvoertuie soos pensioenfondse en aftree annuïteite begin gebruik, is daar sekere belastingoorwegings wat die syfers sal verander – let daarop dat hierdie voertuie slegs die verpakking is en nooit die onderliggende eienskappe van die kapitaal en bateklas prestasie kan wysig nie.

Onthou dat elke mens se omstandighede verskil – hierdie is slegs ‘n basiese riglyn vanwaar berekeninge in meer detail gedoen kan word.

Die boek “***Sakegesprek met Theo Vorster – sleutels tot sukses van ons top sakelui***” is nou beskikbaar by toonaangewende boekhandelaars en sal ook binnekort in elektroniese formaat by onder andere Amazon, Nook, Kobo en Kalahari beskikbaar wees.

Ons het ‘n funksie geskep op die Sakegesprek webbladsy waardeur die boek bestel kan word deur na www.sakegesprek.co.za te gaan en dan die “boek” skakel te volg.

In die Sakegespek boek poog ek om vir lesers ‘n blik te gee op elkeen van die 38 sakeleiers met wie ek die afgelope 2 jaar gesels het en om elkeen se eie suksesverhaal in sy / haar eie woorde weer te gee. Ek gee my eie opmerkings en opinies rondom die onderhoude en probeer om kernbeginsels uit te lig waaroor die sakeleiers sterk voel - onder andere oor sakeleierskap, sukses en gesonde bestuursbeginsels.

Aan die einde van die boek lig ek “***Sewe Goue Reëls vir Sukses***” uit. Hierdie is sewe beginsels wat deurlopend na vore gekom het en wat ek dink elke persoon in sy / haar eie lewe en op sy / haar eie loopbaan met vrug kan toepas.

Ek hoop lesers geniet die boek net soveel soos ek dit geniet het om met die sakeleiers onderhoude te voer en die boek saam te stel.

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus ‘n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter @sakegesprek.

Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur ‘n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

Volg ons op TWITTER

Volg ons op twitter @sakegesprek vir program opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om ‘n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.
Theo is ‘n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, ‘n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.